

Veerkrachtige Rand ondersteun herstel van plaaslike aanvraag

Die groeiende herstel van die wêreldwye ekonomie, die gepaardgaande toename in Suid-Afrika se handelsvoorwaardes oor die afgelope jaar en die duidelike afname in die dienskostes van huishoudelike skuld deur die loop van 2009, ondersteun 'n herstel van die ekonomiese groei in die jaar wat voorlê.

Ironies dat, hoewel baie rolspelers in die plaaslike ekonomie die krag van die Rand as 'n struikelblok vir groeivoorsigte beskou, voorspellings vir die BBP opwaarts aangepas word. Die jongste Reuters Consensus se voorspelling toon verwagte groei van 2.4% vir die BBP vanjaar – 'n duidelike verbetering op verlede jaar. Dit is 'n relatief bloeiende groeivoorspelling as daar in ag geneem word dat, ná die geskatte afname van feitlik 2 persent in 2009, die reële BBP met ten minste 3½ persent per kwartaal (uitgedruk as 'n jaarkoers) moet groei ten einde die konsensus voorspelling vir 2010 te behaal.

Teen meer as USDZAR8.00 is dit waarskynlik billik om te redeneer dat die Rand, wat deur 'n wesenlike afname in die lopende rekeningtekort in 2008 en 2009 ondersteun is, tesame met 'n swak dollar, 'n merkbare daling in wêreldwye risiko-vermyding en robuuste kapitaalinvloei in ontluikende markte, te hoog gewaardeer word.

Deur afwaartse druk op inflasie vol te hou, dra die geldeenheid egter by tot 'n omgewing wat bevorderlik is vir 'n opswaai in binnelandse aanvraag. Suid-Afrika is 'n klein, oop ekonomie en die geldeenheid speel 'n belangrike rol in die inflasieproses

Dit is dus geen verrassing dat die waardevermeerdering van die Rand teenoor die US dollar vanaf USDZAR 10.60 vroeg in Maart 2009 tot om en by USDZAR7.50 ten tyde van die skryf hiervan, oor die afgelope paar maande 'n skerp remming in die inflasie van goederepryse teweeggebring het nie. Ook die inflasie van dienslewering behoort deur die loop van die jaar af te neem, hoewel met 'n sloering..

'n Onverwagte Rand-(of olieprys-)skok uitgesonderd, is dit redelik om te verwag dat die VPI teen die middel van die jaar tot onder 5 persent sal afneem. Daarna kan inflasie ietwat toeneem na die einde van die jaar toe, maar dit behoort binne die grense van die Reserwebank se huidige teikens vir die inflasiekoers te bly, selfs al verloor die laer kommoditeitspryse en die krag van die Rand hul gunstige invloed op die syfers en al tree die impak van die tweede rondte se verhogings van die elektrisiteitsprys in werking.

Daar word verwag dat voortgesette disinflasie, op sy beurt, vir 'n verlengde tydperk reële inkomstegroei 'n hupstootjie sal gee en rentekoerse laag sal hou, wat die herstel van huishoudelike besteding – die grootste komponent van binnelandse aanvraag – behoort te ondersteun.

Toegegee dat onlangse kleinhandelverkooppsyfers – teen 6.1 persent en 6.6 persent in Oktober en November onderskeidelik – bepaald teleurstellend was. Ook toon kredietverlengingsdata dat huishoudelike kredietverlengings tasbaar swak gebly het teen slegs 1.8 persent j-o-j in November. Hoewel die huishoudelike skuldvlak egter steeds hoog is teen 79 persent van persoonlike besteebare inkomste, het die koste van diensgeld op skuld tot sy laagste vlak sedert 2006 gedaal. Mettertyd behoort volgehoue lae rentekoerse te help om verbruikersvertroue te verbeter en 'n versnelling van huishoudelike lenings en besteding aan te spoor – veral aangesien daar verwag kan word dat die land se verbeterde handelsvoorwaardes terselfdertyd inkomstegroei sal ondersteun.

In teenstelling hiermee kan die besteding van die privaatsektor op vaste beleggings hierdie jaar teleurstel. Winstgroeï het weggesak, die marginale opbrengskoers op beleggings daal, kapasiteitsaanwending is laag en sakevertroue is steeds ver van sy vorige hoogtepunt af. Die besteding van die privaatsektor op vaste beleggings behoort die verbruikersopswaai te volg, maar met 'n agterstand – waarskynlik eers in 2011.

Trae belegging deur die privaatsektor impliseer gedempte, indien enige, groei in werkverskaffing vir die jaar wat voorlê, wat die krag van die opswaai in huishoudelike besteding sal strem. Aangesien spaargedrag egter relatief stadig verander, weerspieël die grootste skommelings in die saldo van die lopende rekening gewoonlik veranderings in beleggingsbesteding. Derhalwe behoort die swak bruto vastekapitaalformasie van die privaatsektor in 2010 die vinnige agteruitgang van die lopende rekeningsaldo te voorkom.

In die geheel gesien, hoewel ons waarskynlik by, of naby, die onderpunt van die rentekoerssiklus is, behoort 'n omgewing wat gekenmerk word deur 'n lopende rekeningsaldo wat hom goed gedra, lae inflasie en BBP-groei onder die potensiaal, die nodigheid van rentekoersverhogings vir 'n geruime tyd te voorkom – selfs al beweeg 'n aantal sentrale banke wêreldwyd weg van die buitengewone lae rentekoersvlakke, na normale vlakke toe. Dit behoort te help om Suid-Afrika se jeugdige opswaai in die sakesiklus te verstewig.

Inligting verskaf deur Arthur Kamp, Beleggings Ekoonoom